



Hierdie dokument bevat die ooreenkoms tussen Sentraal-Suid Koöperasie (SSK) en uself. Gaan asseblief noukeurig deur die terme aangesien dit bindend is.

1 KLIËNTEDIENS

Indien u nie hierdie terme verstaan nie, of nie tevrede is met die kwaliteit van die produk wat u gekoop het nie, kontak SSK asseblief per e-pos by info@ssk.co.za of deur die Kliëntediens Afdeling te skakel by 044 - 6011 200.

2 BETALINGSTERME

- 2.1 Alle aankope is op 'n kontantbasis tensy u 'n kredietooreenkoms met SSK aangegaan het.
- 2.2 Indien u die produk op krediet gekoop het, bly dit SSK eiendom tot u die volle betaling gemaak het.
- 2.3 Tensy u 'n ander ooreenkoms met SSK aangegaan het, sluit die prys van die produk nie vervoer in nie.

3 AFLEWERING

- 3.1 SSK sal op versoek reël dat die produk afgelewer word.

4 SSK aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige beskadiging of verlies van die produk terwyl dit vervoer word nie, ongeag of SSK dit self aflewer of reël dat 'n derde party dit aflewer.

5 GEHALTEWAARBORG

- 5.1 Kragtens die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (die VBW) is SSK verplig om onderskeid te tref tussen kopers wat deur die VBW beskerm word, en dié wat nie daardeur beskerm word nie. Indien u 'n individu is of 'n regsentiteit verteenwoordig met 'n jaarlikse omset of bruto batewaarde van minder as R2 miljoen, is u 'n verbruiker en word u dus deur die VBW beskerm.

5.2 Verbruikers

5.2.1 Indien u 'n verbruiker is, is u daarop geregtig om produkte te ontvang wat van 'n goeie gehalte is, wat bruikbaar en duursaam is vir 'n redelike tydperk, wat geskik is vir die doel waarvoor die produk normaalweg bedoel is en wat veilig en sonder enige foute is (artikel 55, 56 en 61). Kontak SSK indien u voel dat u 'n produk ontvang het wat nie aan hierdie standaard voldoen nie.

5.2.2 Hierdie gehaltewaarborg is vir 'n maksimum periode van 6 maande geldig. Indien u egter 'n produk gekoop het wat nie bedoel is om so lank te hou nie, waarborg SSK slegs dat dit bruikbaar en duursaam sal wees vir 'n redelike tydperk.

5.2.3 Hierdie waarborg is bykomend tot enige ander waarborg wat skriftelik saam met 'n spesifieke produk (uitdruklike waarborg) gegee is deur die vervaardiger. Enige eise in terme van 'n uitdruklike waarborg moet aan die betrokke vervaardiger gerig word.

5.2.4 SSK kan ongelukkig geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige eise of terugsendings (insluitend enige eis vir voortvloeiende verliese) wat nie deur die VBW of enige uitdruklike waarborg gedek word nie, behalwe in gevalle wat deur die regte wat in paragraaf 5 hieronder uiteengesit is, beskerm word.

5.3 Groot regsentiteite

5.3.1 Indien u 'n regsentiteit met 'n jaarlikse omset of bruto batewaarde van meer as R2 miljoen verteenwoordig, is u nie 'n verbruiker nie en sal u nie daarop geregtig wees om enige goedere wat u by SSK gekoop het vir enige rede terug te gee nie, tensy ons daarvoor voorsiening maak in die SSK-terugsendingsbeleid.

5.3.2 Dit is u verantwoordelikheid om die goedere te ondersoek en seker maak dat dit geskik is vir die doel waarvoor u dit benodig voor u aflewering aanvaar.

5.3.3 SSK is nie aanspreeklik vir enige skade of verliese (insluitend voortvloeiende verliese) gely as gevolg van 'n foutiewe produk, die verkeerde gebruik van 'n produk of indien die produk nie geskik is vir die doel waarvoor u dit gekoop het nie, BEHALWE wanneer u kwalifiseer vir 'n eis en dit kan bewys in terme van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008.

6 TERUGSENDINGSBELEID

- 6.1 SSK kan u na die vervaardiger verwys indien u 'n produk terugbring in terme van 'n waarborg van die vervaardiger.
- 6.2 SSK gee alle kliënte die algemene reg om produkte binne 10 dae na aankoop terug te besorg indien die produk in 'n herverkoopbare toestand is. Die produk moet dus in dieselfde toestand wees as toe u dit gekoop het. In gevalle waar hierdie reg uitgeoefen word, sal SSK 'n 10% hanteringsfooi vra. Geen terugsendings sal aanvaar word sonder die oorspronklike faktuur nie.
- 6.3 Indien 'n verbruiker SSK skriftelik in kennis stel dat goedere vir 'n spesifieke doeleinde gekoop word, kan die goedere binne 10 dae teruggebring word sou dit nie geskik wees vir daardie doeleinde nie.
- 6.4 Die volgende goedere sal onder geen omstandighede teruggeneem word nie:
- veeartseny produkte wat afhanklik is van die “koue ketting”,
 - saad,
 - indien dit 'n spesiale bestelling was,
 - om openbare gesondheid- en veiligheidsredes nie teruggeneem mag word nie of
 - fisies verander is nie.
- 6.5 Goedere sal nie teruggeneem word indien u nie die gebruiksaanwysings en alle waarskuwings op die etiket gevolg en in aanmerking geneem het nie.

7 GEVAARLIKE GOEDERE EN GEBRUIKSAANWYSINGS

- 7.1 Sommige van SSK se produkte is gevaarlik van aard of het ingewikkelde spesifikasies.
- 7.2 U moet seker maak dat u die produk volgens die vervaardiger se spesifikasies en gebruiksaanwysings stoor en gebruik.

- 7.3 U moet 'n kenner se advies verkry indien u nie die vervaardiger se spesifikasies en gebruiksaanwysings verstaan nie of beoog om die produk vir 'n spesifieke doel of 'n doel waarvoor dit nie normaalweg aangewend word nie te gebruik.

8 WAARBORG OP HERSTELDE GOEDERE

Alle herstelwerk word vir 'n periode van drie maande na installasie gewaarborg. Hierdie waarborg dek nie normale slytasie of skade wat deur verkeerde gebruik van die herstelde produk veroorsaak is nie.